


# KOERANIA

Februarie 2025 | ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT | Volume 01 / Uitgawe Nr.15




## KITSNUUS

Lees meer binne

**Nuusweek 'n nuwe e-koerant**
*Bl 2*

**Kommentaar: Return to the land**
*Bl 3*

**Juané spog met 5 onderskeidings**
*Bl 3*

**Kreatiewe Talente open deure**
*Bl 5*

**Menings: Is die VSA 'n opsie?**
*Bl 7*

**Pekankonferensie in April**
*Bl 8*

**Kansvatters kan redeneer**
*Bl 10*

**CVO hou Kleure-atletiek**
*Bl 11*

**Mauritz se 3-kamp**
*Bl 12*

# Twee vlieë met een klap

Du Preez de Villiers

Dit is opwindend om die reaksie van die verskeie belange- en belangstellingsgroepe dop te hou te midde van president Donald Trump se uitvoerende opdrag dat Afrikaners vlugtelingstatus in die Verenigde State van Amerika (VSA) mag kry.

Vir Afrikaners, wat vir dekades moes veg vir erkenning en kulturele oorlewing, is hierdie wending voorwaar 'n vars briesie, indien ons nie totaal uit die veld geslaan is nie.

Volgens die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel in die VSA is daar reeds meer as 17 000 aansoeke ontvang, wat ongeveer 50 000 mense verteenwoordig.

Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat 'n groot deel van daardie mense uit die Afrikaner-werkersklas kom, wat die hardste deur die Suid-Afrikaanse werkloosheid getref is. Vir hulle is die daaglikse stryd om aan die lewe te bly die hoogste onder die bevolking. Hierdie voetsoldate vorm steeds 'n belangrike deel van primêre arbeid en die land kan dié, soms weerlose mense, nie verloor nie.

Vir Orania kan hierdie 'n gulde geleentheid wees om hierdie vlugtelinge te ondervang en 'n veilige heenkome, 'n hanetree van hulle huidige tuiste, in plaas van halfpad rondom die wêreld, te bied.

Vir 'n werker is daar egter 'n paar dinge wat in plek moet wees voor hy bereid sal wees om op 'n nuwe plek te vestig. Die belangriskte een wat dikwels misgekyk word is 'n regstelsel waar sy belange net soveel gewig dra soos die mees welgestelde en invloedryke werkgewer.

Wanneer weerlose mense ervaar dat hulle in 'n gemeenskap vasgevang is waar hulle regte ondergeskik is aan inwoners met meer invloed, sal dit noodwendig lei tot erger sosio-ekonomiese probleme en ander euwels en sodra die eerste geleentheid opduik, sal hulle so 'n gemeenskap binne 'n oogwink verlaat, wat natuurlik 'n groot verlies is. Hardwerkende Afrikaners word nie agter elke bos uitgeskop nie.

Is daar 'n doeltreffende vakbond gevestig wat dieselfde magte het as 'n werkgewerorganisasie wat mildelik deur werkgewers vergoed kan word om hulle belange te bevorder? 'n Werknemer verstaan nie noodwendig hul regte wanneer dit by die saamstel van kontrakte kom nie.

Afrikaners is bevoorreg om 'n vakbond soos Solidariteit te hê wat na werkers se belange omsien. Hul betrokkenheid by Orania, met die nodige hulpmiddels, sal gelyke regte laat gedy.

Joost Strydom, uitvoerende hoof van die Orania Beweging het dié week aan Newsroom Africa gesê: "Afrikaners wil vry wees. Selfbeskikking vir verskillende gemeenskappe is Orania se antwoord op baie van Suid-Afrika se uitdagings. Selfbeskikking benodig erkenning, en daarom rig die Orania Beweging 'n brief aan die Withuis van die VSA." Besoek die Orania Beweging se webblad om jou naam by die versoek te voeg.

Orania staan op die vooraand van 'n reuse geleentheid. Kan ons ons werkersklas ten alle koste behou en terselfdertyd vir die wêreld wys dat ons op ons eie bene kan staan, terwyl ons 'n veilige en voorspoedige landingsplek vir elke hardwerkende, kultuurbewuste Afrikaner bied?






ORANIA CVO DEUR DIE GELOOF

Die Orania CVO-skool het onlangs die atletiekseisoen met hulle Kleure-atletiekbyeenkoms afgeskop. Atlete het vir die Streekatletiekbyeenkoms voorberei wat hierdie naweek in Bloemfontein aangebied word.

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180**



## KOFFIE EN KLETS
### met die redakteur



Daar is liefde in die lug en 14 Februarie het wêreldwyd dié dag vir paartjies geword om hul liefde op verskeie maniere ten toon te stel. Sosiale media word oorlaai met hartjies end it drup behoorlik van die stroop as geliefdes mekaar met getikte woorde besing.

Ek wonder gedurig… Het ons die moed en oortuiging om 'n geliefde nog in die oë te kyk en ons liefde hardop te verklaar? Doen ons dit sodat die ander helfte gereeld daaraan herinner word dat respek en waardering altyd 'n groot deel van die verhouding sal wees?

Gedurende Desember is daar die 16 dae waar klem gelê word op die bewusmaking teen geslagsgebaseerde geweld. Die 16 dae van aktivisme-veldtog teen geweld op vroue en kinders is 'n jaarlikse Verenigde Nasies-inisiatief wat fokus op die bewusmaking van die negatiewe impak wat geslagsgeweld, nie net op vroue en kinders het nie, maar op 'n samelewing.

Geslagsgebaseerde geweld (GBG) is 'n daad wat 'n individu fisiese, seksuele, sielkundige of ekonomiese skade op grond van hulle geslag of seksualiteit berokken.

Hoe moet die Vader hom vir die mensdom skaam? Net die feit dat dit gebeur en daar 'n veldtog daarvoor geloods moet word, is 'n skreiende skande! Gereelde gesprekke oor soortgelyke temas bring die kwelling van afwesige pa's na vore.

Navorsing het getoon dat 'n afwesige pa, selfs een wat saam met sy kind in die huis is, maar emosioneel afwesig is, 'n besliste uitwerking op 'n kind se lewe het. Die redes vir afwesigheid wissel natuurlik. Dit kan sterfte, egskeiding, werksverpligtinge of aangenome kinders wees. Die feit bly staan dat verwerping 'n ernstige gevolg hiervan kan wees.

Romeine 13:10 – Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet.

Indien daar 'n kind, vrou, man, gestremde of bejaarde aan jou sorg toevertrou word is dit jou Christelike plig om in liefde op te tree. Jou keuse van 'n eggenoot was, vir alle praktiese doeleindes, JOUNE! Gaan kyk eers in die spieël as jy 'n fout gemaak het, voordat jy vingers wil wys of kritiek wil uitspreek.

1 Korinthiërs 13: 4 en 5 -

Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie.Gaan skink nou koffie vir twee en seël dit met 'n soentjie! Dis soms net die klein dingetjies wat ook tel.

Liefde

*Dia van Staden*

# Orania of die VSA vir Afrikaners?

Verskeie mediaplatforms speel met die aanbod deur die Amerikaanse president Donald Trump dat Afrikaners vlugtelingstatus in die VSA kan kry. Hier is 'n paar kreatiewe ontwerpe wat Koerania se oog gevang het.





DIE BURGER
SOEK BUITELANDSE ERKENNING
ORANIA
Orania aan Trump: 'Help ons hier'
netwerk24.com
Dinsdag 11 Februarie 2025







## Nuusweek
Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

# Nuusweek vul 'n gaping en laat Afrikaans asemhaal

Dit is 'n voorreg dat daar nog 'n Afrikaanse publikasie die lig gesien het, veral noudat ander nasionale publikasies hul platforms verklein het.

Koerania het met James Kemp, stasiebestuurder van Pretoria FM gesels, om meer uit te vind oor Nuusweek, hul nuutste toevoeging tot die reeds gewilde radio-platform.

James vertel: "Pretoria FM het besef dat daar 'n groot behoefte onder lesers van tradisionele koerante is om steeds 'n publikasie in PDF-formaat te ontvang. Verder is Pretoria FM in die posisie dat daar heelwat inhoud deur die nuuskantoor vervaardig word wat ook in 'n e-koerant sal werk. Ons het besluit om daarom die gaping te vul wat deur die afwatering van ander publikasies gelaat is, en te verseker dat die aanbod Afrikaanse nuus toeneem en nie afneem nie."

Hy noem dat Nuusweek se missie is om te verseker dat die nuusaanbod gedurig toeneem. Dit bied ook vir Pretoria FM 'n verdere voetspoor in die digitale wêreld waar hul toenemend deur byvoorbeeld hul YouTube Kanaal, beweeg.

Politieke nuus en ander harder nuusberigte, meningstukke wat oor 'n breë spektrum strek en selfs 'n spotprent uit die pen van die bekende spotprentkunstenaar, Niël van


James Kemp, Stasiebestuurder van Pretoria FM

Vuuren, word in Nuusweek ingesluit. Verder is daar ook vermaaklikheidsnuus, skolenuus en verskeie ander interessanthede waarmee 'n breë gehoor hul kan vereenselwig.

Nuusweek word op Pretoria FM se webblad gepubliseer en dan verder versprei op Nuusweek se Whatsapp-kanaal, Pretoria FM se sosiale mediaplatform, soos Facebook, en ook deur middel van hul e-posdatabasis. Sluit by hul Whatsapp-kanaal aan by

James sluit af met 'n boodskap aan huidige en voornemende lesers en adverteerders: "Daar is 'n duidelike behoefte aan 'n publikasie wat steeds oor 'n voorblad, leistories en verskillende temas in die uitleg bestaan. Dit is wat Nuusweek wil bereik – om daardie liefde vir koerantlees te laat voortleef."

Besoek pretoriafm.co.za/nuusweek/ om jou nasionale leesgenoot daar te kry!

# Gedrukte media druk nie deur nie

Dia van Staden

Caxton het jare gelede erkenning gegee aan 'n joernalis of medewerker wat gedrukte koerante aangewend het om onderwys en opvoeding te bevorder. Dit is Print Media in Education (Gedrukte media in die onderwys) genoem. Ek het iewers in die vroeë 2000's in die top 3 van daardie afdeling geëindig.

"Geëindig" lui skielik anders in my ore. Die einde van die gedrukte formate van Rapport en Beeld kondig 'n hele paar eindes aan.

Op Facebook se Nagkantoor-groep is daar 'n geween en gekners van tande oor die einde van gedrukte koerante. Dié groep bestaan hoofsaaklik uit oud-joernaliste of akademici wat by mediasake betrokke is of was. Van die insette vroeg in Januarie 2025 het as volg gelui:

- **HELP!** – Ek het erge onttrekkingsimptome! Ek soek my koerant, my nuus wat op papier gedruk is. Dit is glad nie lekker om 'koerant' te lees op 'n klein en/of groot skerm nie. Dit is totaal onpersoonlik.
- Hierdie is 'n aanslag op Afrikaans niks met papier of digitaal te make nie, net so terloops die daily China lê nou op die beeld se plek...Dit voel nie eers soos Sondag sonder die papier koerant nie.
- My arme pa van 84 het ELKE dag sy koerant gelees. Hy is totaal verlore op die oomblik. Hy ken glad nie tablets of rekenaars nie. Ek kry hom SO jammer.
- Toiletpapier is nie so duur nie!

Die een wat my aandag dadelik getrek het was 'n bydrae deur 'n ene mnr Pienaar: "Die koerant was deur die jare heen die arm man se universiteit."

Dit was juis die doel van Gedrukte media in die onderwys. Koerante was so 'n betroubare bron waar feitelik korrekte inligting en kwaliteit taalgebruik, Afrikaans en Engels, met



Eerste en laaste Rapport

volle vertroue aangewend was om enige skoolvak kreatief, interaktief en effektief aan te bied.

Dit was 'n poging om kinders aan koerante, nuus, gewaarborgde feite, wiskunde, finansies en goeie taalgebruik bloot te stel. Dit is veral in landelike skole met sukses aangewend, aangesien daar nie altyd toegang tot handboeke was nie.

Hennie van Deventer is 'n oud-redakteur en bekende koerantman wat op 5 Januarie die volgende plasing op Facebook maak:

VOORBLADNUUS MINUS 'N VOORBLAD

Rapport in sy nuwe digitale gedaante is Sondag 12 Januarie met ons. Tot dan moet 'n mens maar jou ongeduld beteuel. Vanoggend was ek egter maar verlore; die dag sonder ritme en die roetine omvergewerp. Natuurlik wemel dit van die foto's op die sosiale media, maar dis mos nie dieselfde as met verbeeldingryke tipografie op papier aangebied nie. Voorbladnuus minus 'n voorblad - dis maar nie lekker nie.

Koerania word ook hoofsaaklik digitaal by www.koerania.co.za en as PDF aangebied, maar die gemeenskap van Orania word intekenaars omdat hulle 'n papierkoerant wil vashou, lees en ervaar. Lank lewe betroubare nuusbronne!

Gemeenskapsnuus
KOERANiA

## VANUIT DIE GEHOOR

## Jan Snyder lewer kommentaar in verband met die besoek van Eric Orwoll en Scott Thomas van die Return to the Land-beweging in die Ozarks VSA.



Jan Snyder

Eric was vol lof vir Orania. Hy het gese dit is baie groter en beter ge-organiseer as wat hy gehoor en verwag het. Hy was aangenaam verras deur die infrastruktuur, die getal inwoners en al die ekonomiese bedrywighede hier. Hy het gevoel dat hulle heelwat by Orania kan leer maar dat hulle omstandighede en dié van Orania hemelsbreed verskil.
Die eerste Terug na die Land-bewegings het reeds in 1975 plaasgevind toe groepe alternatiewe denkers uitbeweeg het van 'n omgwing en kultuur wat hulle as beperkend en beklemmend ervaar het. Hulle het vrede en vryheid gesoek en uitbeweeg na ylbevolkte plattelandse gebiede waar hulle klein gemeenskappe gestig het en hulle met sogenaamde "Homestead Farming" onderhou het. Volgens Eric was ongeveer 90% van alle openbare poste destyds deur blankes van Europese afkoms gevul. Hierdie syfer het nou tot ongeveer 50% gedaal. As gevolg daarvan het mense begin voel dat hulle graag weer na iewers wou beweeg waar hulle hul Europese afkoms, kultuur en tradisies kon uitleef en bewaar, waar dit veilig is en vry van die morele en sedelike verval in die land, veral met die oog op hul kinders se toekoms.
Ongelukkig is daar in die VSA al soveel wette uitgebring wat enige vorme van diskriminasie verbied en absolute diversiteit, gelykheid en inklusiwiteit afdwing dat dit moeilik was om 'n model te vind wat hulle kon gebruik. Intussen het hulle 'n gebied in die Ozarks in Noord Kansas ge-identifiseer en die wiele aan die rol gesit. Hulle het 'n PMA (Afrikaans: Private Lede Assosiasie) klub gestig met reëls waaraan voldoen moes word wanneer iemand aansluit. Lede kon dan drieakkererwe in die gemeenskap deur 'n LLC (Maatskappy met beperkte aanspreeklikheid) aankoop. Op hierdie manier kan hulle wettig besluit wie hulle tot die gemeenskap gaan toelaat.
Die Return to the Land se doelwitte is om 'n hele klomp van hierdie gemeenskappe te skep in talle geskikte areas van Amerika. Hierdie is dalk 'n baie slim plan, want as daar 'n paar sulke gemeenskappe redelik naby aanmekaar is, kan dit met tyd groei tot 'n dorp of selfs 'n streek. Anders as Orania het hulle op die oomblik nog geen strewe na onafhanklikheid nie en hulle sluit ook nie anderstaliges uit nie. Hulle bewoners hoef slegs bewese Europeërs met goeie Christelike waardes te wees.
Aansoeke vind deur hul webwerf www.returntotheland.org plaas en kandidate moet 'n onderhoud deurgaan om goedgekeur te word.
Die koste van 'n gemiddelde woonhuis in die VSA wissel tans tussen $250 000 en $350 000. In hulle gemeenskap kan drie-akkergrond vir $6000 gekoop word en een van hulle aandeelhouers het 'n veertig vierkante meter houtkothuis met geriewe vir $20 000 gebou.
Hulle kan water of deur boorgate of tenks met drukpompe aanlê en elke huis moet 'n goedgekeurde septiese tenk hê. Die kostes maak dit dus baie aantreklik om daarheen te verhuis, want meeste gesinne kan op die ongeveer 1.2 hektaar selfonderhoudend boer en selfs aan naburige dorpe verskaf. Hulle lê ook baie klem daarop om goedgekeurde inwoners, wat nie op daardie stadium eiendom kan koop nie, maar hulle arbeid aanbied, baie goed te versorg.
Kinders kry grootliks tuisonderrig, maar word wel toegelaat om sekere goedgekeurde Christelik gebaseerde skole by te woon. Hulle het ook 'n baie interessante "Peer Research Agency" waar inwoners met geskikte kwalifikasies en ondervinding kursusse opstel wat hulle dan gebruik om hul maats op te lei en sodanig meer suksesvol te maak.
Hul bestuur word vir 'n twee jaar termyn deur die inwoners verkies maar kan deur 'n mosie van wantroue summier verwyder word.
Eienaars mag ook weens ernstige wangedrag uitgesit word, maar behou hulle eiendom. Eiendom is ook oordraagbaar aan hul nageslag.
In 'n daaropvolgende gesprek met Eric het hy twee goed gesê wat my nogal warm onder die kraag gehad het. Die eerste was dat slegs mense met eiendom 'n sê moet hê oor die bestuur van die gemeenskap, want, volgens hom, het mense sonder eiendom op een of ander stadium swak besluite geneem wat daartoe gelei het dat hulle nie eiendom besit nie. Sodanige mense is, volgens hom, nie geskik om besluite te neem oor die bestuur van die gemeenskap nie.
Die tweede was dat hy geen empatie het met mense wat 'n klein sakeonderneming sou begin en dan al hul geld verloor nie. Volgens hom is dit maar hoe die vryemarkstelsel werk. Dit is miskien waar as jy totaal objektief enige plek in die land kon gaan handeldryf, maar my gevoel is waar jy agter 'n ideologie aan trek met sekere omstandighede wat aan jou voorgehou is, en jy dan faal, jy baie meer begrip en ondersteuning verdien.
Ek was oor die algemeen nogal beindruk met hulle model en voel dat ons op ons beurt ook 'n paar goed by hulle kan leer.



Foto: Dia van Staden

Scott Thomas, Pat en Eric Orwoll het Orania onlangs besoek om van ons vryheidsmodel te kom leer. Hulle vorm deel van die Return to the land-beweging in Amerika.

# Juané wil 'n verskil in mense se lewens maak

Dia van Staden

Alhoewel sy vir 6 onderskeidings gemik het, is Juané van Zyl tevrede met haar 5, want sy volg steeds die studierigting wat haar eerste keuse was.
Vir die volgende vier jaar, as alles goed gaan, sal dié 19 jarige haar droom aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie in Bloemfontein najaag. "Ek wou nog altyd in 'n mediese rigting studeer en nou bied kliniese tegnologie my daardie geleentheid," vertel sy opgewonde.
Juané is die top akademiese matrikulant wat die Orania CVO-skool in 2024 opgelewer het. Sy het hierdie studierigting nie lukraak gekies nie. "Kliniese Tegnologie stem ooreen met my belangstellings. Behalwe dat dit interessante deure kan open, is daar 'n aanvraag vir opgeleide persone."
Dié meisiekind skroom nie vir nuwe ervarings of om iets buitengewoon te leer nie. Om permanent oorsee te gaan werk en woon is nie tans op haar emmerlys nie.
Sy sal egter nie 'n geleentheid om vir 'n rukkie daar te gaan werk, ignoreer nie. Sy is op haar gelukkigste tussen haar familie en vriende, maar is ook lief vir die natuur en 'n diereliefhebber.
Haar goue herinneringe van haar skoolloopbaan, wat nog vars in haar geheue is, sal die vriende en besonderse mense wat sy ontmoet het, moet insluit. "Ek kies vriende wat sterk is in hulle geloof en waardes belangrik ag. My vriende is mense wat dieselfde waardes as ek het. Ek hou van mense wat vriendelik is en 'n goeie sin vir humor het."
Dié gestruktureerde dametjie verpes dit as planne nie georganiseerd verloop nie. "Alles loop nie altyd volgens plan nie, maar ek sal altyd probeer aanpas, al is dit soms moeilik."
Tydmors of om laat te wees vorm nie deel van haar mondering nie.
"Ek is gegrond in my waardes en geloof. Ek weet dat ek enige iets kan bereik deur Christus wat vir my krag gee. Ek probeer om 'n positiewe gesindheid te hê en optimisties te bly."
Haar boodskap aan ander jongmense is dat slegte tye slegs tydelik is. **"Die lewe is vol uitdagings, daarom moet mens leer om slegte tye te verdra, sodat jy die goeie tye meer kan waardeer!"**
Gaan lees gerus meer oor die interessante studierigting by CUT | Health Sciences in Clinical Technology



Trotse ouers... Annalize en Jurgens van Zyl is trots op hulle dogter se 5 onderskeidings.

# CVO Matriekuitslae



Vreugde... 'n Groep van die 2024 CVO-skool se matrieks het hulle uitslae met groot glimlagte in ontvangs geneem.



Trotse pa... Rikus van Staden wens sy dogter, Mia, geluk met haar drie onderskeidings.




Grafieke: Koos Gagiano

# Tevrede na 'n prag bekendstelling

Dia van Staden

Hospitaal Weltevreden is Riaan Grobler se tweede roman wat op Maandag 3 Februarie op luisterryke manier by die pragtige Bont Huijs Kunsateljee in Pretoria bekendgestel het.
Meer as 200 mense het die geleentheid bygewoon en was almal baie bly dat 'n lieflike reënbui laatmiddag die ergste hitte verdryf het. Die gehoor het bestaan uit bekendes en bemindes wat graag Riaan se mooi oomblikke wou deel. Die program is afgeskop met Révan Luis wat die gehoor verwelkom het. Die Rooiwynprofeet het 'n heerlike atmosfeer geskep met sy goeie stem en kitaarspel. Werner Beukes het by hom aangesluit vir 'n gesamentlike nommer.
Die ervare Leon van Nierop het die boekespreking gelei en kon met sy maklike gesels 'n hele paar nuwe feite oor Riaan se lewe, sy werk en sy skryfproses laat verklap.
Riaan en sy sangmaat, Jomarie, het 'n paar pragtige duette gesing en Leon Ferreira het die trio vir 'n splinternuwe lied voltooi.
Riaan se debuutroman, Geheime op Philadelphia, is reeds in sy vierde druk en dit is duidelik dat Hospitaal Weltevreden in sy voetspore sal volg. Van Riaan se skoolmaats, werkkollegas, bekende sangers, vriende en familie het die aand saam geniet terwyl daar heerlik geëet en gedrink is en natuurlik boeke gekoop is.
Hospitaal Weltevreden gaan die eerste van drie boeke wees wat op mekaar volg. Dié trilogie beloof om baie intriges van die lewe te ontsluit. Riaan noem tydens die onderhoud dat die karakters vir hom werklik begin leef en dat hy mense waarneem om eienskappe van elkeen raak te skryf. Kyk dus in die toekoms uit vir die trilogie wat deur LUCA uitgegee sal word.

Foto's: Dia van Staden


Riaan Grobler tydens sy onderhoud met Leon van Nierop oor sy nuutste boek, Hospitaal Weltevreden.


Leon van Nierop se kwinkslae en stories van skrywers kleur 'n onderhoud behoorlik in en laat die gehoor tuis voel.


Riaan Grobler en Jomari sing 'n paar duette vir die waarderende gehoor.


Leonie van Rensburg, eienaar van die gewilde Graffiti Boeke, het die boekverkope hanteer.


Hendri Myburgh, Tanya van Niekerk en Dia van Staden het Riaan geluk gewens met sy nuutste skryfsel.

**VANUIT DIE GEHOOR** deur Erick Scholtz

## Waterstofproduksie en die toekoms van landbou in Orania

Die Orania Tegnologievereniging het op 30 Januarie 'n buitengewone suksesvolle praatjie oor die produksie van waterstof en die opwindende moontlikhede wat dit vir die landbousektor inhou, aangebied. Volgens die rolspelers kan hierdie belowende industrie 'n sleutelrol in volhoubare energie vir die toekoms speel.
Die aand is deur sakelui, landbougrond-eienaars, politici en ander belangstellendes bygewoon. Werner Pereira het die verrigtinge geopen.
'n Hoogtepunt van kundigheid en innovasie
Die hoogtepunt van die aand was sonder twyfel die aanbieding deur Danie Coetzee, 'n kernfisikus en energiekenner met meer as veertig jaar se ondervinding in kernfisika, chemiese prosesse en energiestelsels. Hy het sy kundigheid en insigte in die produksie van waterstof gedeel en verduidelik hoe dit in Orania en omliggende gebiede toegepas kan word.


Foto: Danie Coetzee

Die Waterstofrevolusie – 'n Spelbreker vir Energie
Waterstof word wêreldwyd beskou as 'n kernkomponent van 'n nuwe energie-era, een waarin afhanklikheid van fossielbrandstowwe met volhoubare alternatiewe vervang word. Danie beskryf dit as 'n energie-oorgang wat direk verband hou met die vermindering van aardverwarming.
Hy verduidelik dat waterstof maklik geproduseer kan word deur water op te breek in suurstof (O) en waterstof ($H_2$). Hierdie proses is egter energie-intensief en dus duur. Die groot voordeel vir Orania is dat die Noord-Kaap se uitstekende sonkragpotensiaal hierdie koste dramaties kan verlaag.
Vergelykende energiekostes per megajoule:

- Petrol: R0.55
- Diesel: R0.55
- Elektrisiteit: R0.80 (teen R3.00 per eenheid)
- Sonkrag in die Noord-Kaap: R0.03

Met ultra-lae energieproduksiekoste, kan plaaslike plase en nywerhede self waterstof, ammoniak en selfs staal en mangaan vervaardig. Dit skep 'n reuse-geleentheid vir landbou én nywerheidsontwikkeling in Orania.
'n Gehoor het heelwat idees gehad en die aanbieding het 'n storm van entoesiasme en vrae uitgelok, met vurige besprekings oor hoe Orania hierdie tegnologie kan omhels.
Die toekoms begin nou
Hierdie baanbrekertegnologie het die potensiaal om 'n lewensvatbare, volhoubare energiebron vir Orania te word. Die gesprek oor waterstofproduksie is slegs begin, en dit is duidelik dat hierdie industrie 'n enorme impak op ons gemeenskap kan hê.
Gaan Orania die voortou neem in hierdie energierevolusie? Die antwoord is duidelik: "Ons het die son, ons het die visie – en ons het die vermoë!"





Yolandi en Carel Van Den Berg het op Maandag 30 Desember vir Gabriël Nicolaas van den Berg as die nuutste toevoeging tot hul reeds woelige huishouding verwelkom. Die egpaar is dankbaar vir 'n gesonde babaseuntjie en verwys na hom as 'n onverdiende geskenk uit die Vader se hand.

# Kreatiewe Talente

Orania se een-stop-geskenkwinkel het pas sy deure geopen…



Adri Maytham staan hier in haar speelplek, wat ook haar splinternuwe winkel, Kreatiewe Talente, is. Adri se kreatiewe voorstelle aan talentvolle vroue, mans en kinders sal 'n nuwe kunswêreld vir hulle oopmaak. Indien jy soek na items vir kralewerk, scrapbooking, mosaic, decoupage, gesnyde houtitems, 'n verskeidenheid plakkers en dekoratiewe items wat geverf kan word, is Kreatiewe Talente die plek waar jy meer as jou etensuur benodig. Skooltake het pas vir ouers en leerlinge makliker geword, aangesien daar allerhande voorraad beskikbaar is om nuwe lewe aan idees te gee.

Winkelure is vanaf 08:00 tot 16:00 gedurende die week en Saterdae van 08:00 tot 13:00. Gaan soek Adri by Vluytjeskraallaan A100, In-die-Boord landgoed, op of skakel haar by 083 419 6547 vir meer besonderhede.




# Orania se eie volkslied word bekendgemaak

Dit is meer as twee jaar later, maar daar heers groot opgewondenheid, omdat die Orania Volkslied se wenners op Donderdag 27 Februarie 2025 om 09:00 tydens die herdenking van Majubadag aangekondig word.

Die Orania Volksliedkompetisie is reeds in Januarie 2023 geloods en het sedertdien deur verskeie fases gegaan. Die eerste fase van die kompetisie was slegs vir die saamstel van die ideale lirieke (woorde), en 77 deelnemers het hul voorstelle ingedien. Hierdie inskrywings is deur 'n plaaslike paneel van tien persone beoordeel, sonder dat die name van deelnemers gesien kon word. 'n Kortlys van twintig lirieke is vir die volgende rondte gekies. Twee gesiene woordkunstenaars is as adviseurs ingeroep om vyf finaliste te identifiseer.

In die volgende fase is inskrywings vir die melodieë vir hierdie vyf finaliste se lirieke ingewag en 7 inskrywings is ontvang. Na 'n aanvanklike plaaslike beoordeling en oorweging is twee moontlike wenners geïdentifiseer. Daardie inskrywings is met twee Afrikaanse musiekkenners gedeel wat reeds internasionale bekendheid vir hul vernuf verwerf het. Gisela de Villiers en Anton Esterhuyse het Orania aan die einde van 2024 besoek om besondere werksessies te hou waartydens hulle aan die lirieke en melodie geskaaf het om 'n musikale eindproduk te verseker wat aanklank by elkeen sal vind wat voortaan dié lied sal sing.

Die wenlied word uiteindelik vanjaar op Majubadag aangekondig. 'n Funksie word vir dié dag beplan waar die gemeenskap om 09:00 daardie oggend aan die voet van die Orania-koppie (langs die R369) sal vergader. Terwyl die Slag van Majuba herdenk word, skep dit ook die ideale geleentheid om 'n nuwe simbool van Orania se vryheidsstrewe bekend te stel – ons eie volkslied!

Die gemeenskap word genooi om die geleentheid by te woon. Daar sal stoele, skaduwee en ander geriewe verskaf word.



Foto's: Dia van Staden
Anton Esterhuyse en Gisela de Villiers is albei internasionaal bekend vir hul kennis van koorwerk, musiek en instrumentale vernuf. Hulle begaafdheid het bygedra tot die finale produk wat nou Orania se volkslied word.



Gisela de Villiers wou graag tydens haar besoek aan Orania vir Cornelia Holm ontmoet. Dié twee kunstenaars, wat verskeie kreatiewe raakpunte deel, het heerlik gekuier.






# TUISSORGASSISTENT

Wil jy jou passie vir sorg en ondersteuning in jou gemeenskap of vir geliefdes uitleef? Hierdie kursus kan jou toerus om presies dit te doen - kom leer hoe om ander te help en hul lewens te verbeter, selfs jou eie!

6 maande, deeltyds

R11 500 (R1 350 registrasiefooi)

Klas begin **3 Maart**, skryf vandag nog in by www.bko.co.za. Studielenings is beskikbaar. Volwasse leerders is welkom.

Skakel 053 110 0620 vir meer inligting

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# MENINGS

**Gaan jy die geleentheid aangryp om as vlugteling Amerika toe te verhuis? Ja of Nee? Hoe so?**



Derius Kruger

Om my Afrikanerskap en die opofferings van ons voorsate prys te gee is nie 'n opsie nie. Ons volk is al deur baie, ons sal dié ook oorleef.



Wynand Bosshof

Ek is bly dat die Amerikaanse president die Afrikaner as volk erken. Dis iets wat ek nooit verwag het nie. Maar ek wil nie 'n vlugteling in Amerika of elders wees nie, ek is 'n Afrikaner vryheidsvegter en daarvoor moet mens in Afrika woon.



Ludwig Everson

Nee - Ek glo nie dit is vir my beskore om ver van my familie en gesin af te wees nie. Ons voorouers het na Afrika gekom om geleenthede te soek, en uit dit het 'n nuwe volk ontstaan – die Afrikaners, met 'n eie taal, Afrikaans. Dit is ons plig teenoor ons kinders en hulle kinders om Orania as die begin van 'n Afrikaner volkstaat uit te bou en dit meer internasionaal erkenning te laat kry, sodat die Afrikaner se toekoms en identiteit volhoubaar verseker kan word.



Johan Putter

Donald Trump se vlugtelingstatus-aanbod vir 'Afrikaners' is vir my 'n NEE! Die Afrikaner is die meerderheid blanke bevolkingsgroep in Suidelike Afrika en ek is deel van 'n volk wat 'n merkwaardige trotse geskiedenis en erfenis het.
C.J. Langenhoven, die skrywer van ons pragtige volkslied wat ons oë laat traan: Die Stem, is maar een van hulle wat diep spore getrap het. Hierdie is my Vaderland!



Renier Botha

Ek kies om nie te vlug nie, omdat ek diep verbind is tot my land en kultuur en glo dat ek kan help bou aan 'n beter toekoms vir my kinders. Die ryk tradisies en geskiedenis van my kultuur gee my 'n gevoel van behoort en doelwit. My geloof in Jesus inspireer my om met liefde en vasberadenheid te bly bydra tot die gemeenskap om my.



Yolanda Nel

Nee, my familie, geskiedenis en kultuur beteken te veel. Jy hardloop nie weg van probleme, jy maak die beste daarvan. Die gras lyk altyd groener aan die anderkant van die draad..




# Kleretrommel trek 'n nuwe baadjie aan

Dia van Staden

Alhoewel die Kleretrommel tweedehandse items verkoop, moet ons vir die koper steeds 'n goeie koopervaring bied en beplan ons om 'n voorbeeld vir die kleinhandel te stel," aldus Pieter Bisschoff, hoof van inligting en bemarking by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy.
'n Splinternuwe Kleretrommel open eersdaags sy deure by 'n nuwe en meer moderne perseel wat steeds vir die gemeenskap en die publiek maklik toegangklik sal wees. Die groter winkel bied die ruimte om 'n groter verskeidenheid produkte aan te hou waar klere en ander items netjies gemerk is en die voorkoms van die winkel met die eerste oogopslag 'n professionele beeld skep. "Dit moet vir 'n skenker en die koper visuele impak skep sodat die ervaring positief kan wees," verduidelik Pieter.
Die nuwe Kleretrommel word tans reg langs die apteek ingerig waar die uitleg met die hulp van Helpende Hand se Ons Winkel-kundigheid beplan word. Die behoefte aan tweedehandse meubels, sporttoerusting, huishoudelike ware en toebehore, boeke, CD's en kaggeltwakkies sal hier geakkommodeer kan word.
Nuwe kaste, meer vensters, die herbou van vloere en mure, goeie beligting, lugversorging, plaveisel aan die voorkant en netjiese handelsmerke vorm deel van die nuwe baadjie wat die Kleretrommel tans aantrek. "Ons skep 'n fabriek in 'n kleinhandelomgewing."
Na aanleiding van die onlangse kritiek dat items aan vreemdelinge verkoop word, verduidelik Pieter: "Ons bedien eerstens die Oraniamark, maar ons sal nie 'n politieke risiko veroorsaak nie. Die hele kwessie van koop of nie verkoop nie is wat die Dorpsraad moet hanteer en nie Orania Helpmekaar nie. Die Dorpsraad bepaal daardie toegang en Helpmekaar hou hom besig waarmee hy moet besig wees."
Volgens hom word die wins van die kleretrommel veeldoelig aangewend.
"Wanneer 'n skenker 'n item skenk, is dit nie die koper wat primer daarby baatvind nie. Wanneer die item teen 'n billike bedrag verkoop word help jy die koper, maar die geld wat jy genereer kan aangewend word waar die werklike nood is." Pieter vertel dat die nood byvoorbeeld by 'n kind is waar die ouers nie skoolfonds kan bekostig nie of hulp aan kinders wat andersins behadeel word.
"Die inkomste gee vir jou geld om nood binne jou gemeenskap aan te spreek."
Pieter noem: "Orania Helpmekaar moet 'n gemeenskapsinstelling word, maar die ekonomiese enjin moet sin maak. Daar word 'n nuwe inisiatief gedryf waar 'n werknemer toestemming van hul personeel vra om maandeliks 'n klein bedrag uit elke individu se salaris aan Orania Helpmekaar oor te betaal. Dit skep 'n gevoel van gemeenskap omdat elkeen eienaarskap neem van die gemeenskap se behoeftes."
Kontak Pieter by pieter@ontwikkelorania.co.za of skakel hom by 061 813 8272 vir meer inligting.



John Maytham spog graag met die kwaliteit van sy verskeidenheid industriële en huishoudelike seep en uiters gewilde waspoeier wat hy selfs aan 'n nasionale handelsnaam verskaf. Die seepprodukte is bio-vriendelike gelvorm met 'n waterbasis. Hy verskaf 'n hoë kwaliteit lap waarmee skoongemaak kan word.

Hy spesialiseer in die verskaffing van toerusting wat deur grond geslyt word vir boere of instellings wat grondwerk doen. John is 'n gekwalifiseerde ambagsman in verskeie ambagte en geniet dit om sy hande met die onderdele vuil te maak. Skottelploeë, ploegskare, boerderytoerusting, trekkers, padskrapers en ander grondverskuiwende masjienerie se onderdele is vir hom kinderspeletjies.
Met meer as 9000 items beskikbaar is John 'n lopende katalogus en kan hy 'n boer of werker vinnig inlig oor wat hul benodig om produktiwiteit vol te hou en die toerusting in goeie kondisie te laat voortstu. Kontak John by 083 272 0828 of stuur 'n e-pos na john@jamboerebenodighede.co.za vir meer inligting of navrae.

# Laerskool Welgemoed kraai koning in FAK-Afrikaans-Ekspo

Laerskool Welgemoed se geesdriftige deelname aan die jaarlikse FAK-Afrikaans-Ekspo is beloon toe die skool onlangs as die nasionale laerskoolwenner vir 2024 aangewys is. Personeel van die FAK se kantoor in die Wes-Kaap het die toekenning aan Johan Engelbrecht, hoof van Laerskool Welgemoed, oorhandig.

Onder leiding van Hanmari Pretorius, dié skool se Afrikaans-vakhoof, het Laerskool Welgemoed ook ses kategoriewenners opgelewer. Die tema vir 2024 was Toekoms.

Laerskool Welgemoed het veral in die poësiekategorie uitgeblink. Leerders van graad 4 tot 7 kon hiervoor inskryf. Kara Rathbone (graad 4), Ruben van Zyl (graad 5) en Lara Greeff (graad 7) het as kategoriewenners vir poësie uit die stryd getree.

Met hul dagboekinskrywings was Amelia Deacon en Pierre Charles Oosthuizen die wenners van dié kategorie in graad 6 en 7, terwyl Anru Schoonwinkel die graad 7-wenner in die opstellekategorie was.
Vir enige navrae, kontak Marianne Pouwels by mariannepouwels@kultuurtuiste.org.za



Johan Engelbrecht (skoolhoof), Kara Rathbone, Ruben van Zyl, Amelia Deacon en Hanmari Pretorius.


Chris Boshoff in aksie.

# Loodglaskuns spieël hoopvolle ligdans in Monumentkapel

As die mure van die Klipkapel by die Voortrekkermonument in die Jakarandastad kon praat, sou die verhale wat daaruit eggo van ewige trou en troos, eerste liefde en laaste groet getuig.
Die vensters van dié besonderse klipkerkie aan die voet van die Monument is onlangs deur die bekende loodglaskunstenaar Chris Boshoff in 'n kleurvolle kunswerk omskep wat geloof en genade, verkwikking en vertroosting in 'n ligdans spieël.
Boshoff se glaskuns is reeds 'n bekende gesig by die Monument. Sy indrukwekkende 3,8 m hoë Gelofte-loodglaspaneel pryk sedert Junie 2022 in die Senotaafsaal. Sy jongste skepping, ses vensterpanele vir die kapel, is 'n droom van meer as twee jaar wat op 13 Januarie vanjaar bewaarheid is.
Die ses panele neem 'n mens op 'n geruislose geloofsreis: die kruis simboliseer die Evangelie; 'n troupand vergestalt twee geliefdes se belofteband; twee disas wat vir Boshoff 'n mooi toevoeging tot die kapel was; 'n "lelie van die veld " wat herinner aan Jesus se woorde in Mattheus 6:28-30; en twee hande wat, vir oulaas, in 'n afskeidsgroet na mekaar uitreik.
"Die Monumentterrein lê my baie na aan die hart," sê Boshoff. "Dié kultuurtuiste is soveel meer as 'n sigbare historiese simbool van standvastigheid; dis 'n hoopvolle baken van behoort. Dis 'n voorreg om my talent te kan gebruik om die terrein uit te bou en die hoorbare hartklop van duisende te vergestalt."
Die Kapel is deur MEG Argitekte ontwerp en bouwerk is in 2021 voltooi. Sedertdien is honderde huwelike hier voltrek, babas aan die Here opgedra en geliefdes gegroet.
"Die Kapel is een van die hartkamers van die kultuurtuiste; 'n stil getuie van geloof, hoop en liefde. Van gisters wat was en opwindende toekomspaaie wat in geloof gegrondves is," sê dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument.
"Boshoff se betekenisvolle werk getuig nie net van dié kunstenaar se ongelooflike vernuf, vaardigheid en verstaan nie, maar veral van die krag van kuns om kulturele identiteit en bewussyn te verewig en vir volgende geslagte oop te breek.
"Loodglaswerk is 'n eiesoortige kunsvorm met 'n onmeetbare waarde om stories te vertel. Elke skuif van die son bring 'n verrassende wending, soos die blaai van 'n boek, die kleurvolle kwas van die Meesterskilder," sê Langner.
"Boshoff se bydrae vorm 'n belangrike en betekenisvolle deel van ons toekomsbouverhaal."
Die Monumentterrein het oor die jare gegroei tot 'n hartlike tuiskomplek vir oud en jonk – waar kultuur gedy, elke lewensfase gevier en geloof gelééf word.
Om jou troue, gedenkdiens of doop in die besonderse Klipkapel te hou, stuur 'n e-pos na besprekings@kultuurtuiste.org.za

# A-Z Pekanneutkonferensie

Dia van Staden

Waar kennis, kontakte en kuier mekaar ontmoet! Die A-Z Pekanneutkonferensie is in 2024 suksesvol op die plaas Dendron Boerdery aangebied en beloof om vanjaar elke bestaande, nuwe en leerbare pekanneutboer se kennisveld uit te brei en te versterk. Johan Coetzee, Francois Slabber en dr Ben de Klerk is die gashere wat twee propvol dae vir 8 en 9 April beplan waartydens kundige individue en maatskappye hul jarelange ondervinding sal deel.
Die oggendsessies sal gevul word met sprekers wat gedurig nuwe inligting en navorsing deurtrap om met boere te deel. Die praktiese boordsessies in die middae sal elke persoon die geleentheid bied om te ervaar wat in die praktyk gedoen word en vrae te vra.
Sprekers wat reeds bevestig is sluit Dr Elmi Lötze (Koolhidrate), Charus du Plessis (Mikro-elemente), dr. Nicky Taylor (Waterproewe), Chris Barnard (Besproeiing), Ivan Otto (SAPPA) en Kallie Schoeman (Boerdery) en Eddie Ferreira (Alternatiewe inkomstestrome), in.
**Die volgende pakkette is vir uitstallers beskikbaar:**
* Platinum Stalletjie @ R12 000-00 (Dit sluit 10min spreekbeurt en 4 kaartjies in )
* Goue Stalletjie @ R8 000-00 (Dit sluit 3 kaartjies in)
Die konferensie laat ruimte vir 400 mense wat dit 'n besonderse geleentheid op die pekanneutkalender maak.
Die koste vir bywoning beloop R2 000-00 per persoon, wat reis, verblyf, addisionele etes en drinkgoed uitsluit. Elke konferensieganger ontvang 'n etebewys, wat by die kosstalletjies aangewend kan word.
**Hiermee die bankbesonderhede vir u stalletjiebespreking en registrasiegelde vir die konferensie:**
**Begunstigde:** OSK Koöperatiewe Bank Beperk
Bank: Standard Bank
Rekening: 041 712 617
Takkode: 050103
SWIFT-kode: SBZAZAJJ
Verwysing: GA 106 + Naam en van / Besigheidsnaam
E-pos u bewys van betaling, naam, van en selnommer na: a-z@pekan.co.za
Om as 'n konferensieganger te registreer, 'n stalletjie te bespreek of 'n navraag te rig kan 'n WhatsApp na 0639914408 gestuur word. Stuur selfs e-pos na a-z@pekan.co.za of skakel die kantoor by 087 092 6618 met jou navraag.
Sien jou tussen die pekanbome by Dendron Boerdery!


Dr Elmi Lötze tydens die 2024 konferensie.




GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

# Die prag van God in ons tuin en stad

Deur Wikus Buys



'n Huis behoort 'n mooi tuin te hê. 'n Stad kan mooi wees. Hoe ons dink oor stede en tuine word beïnvloed daardeur hoe ons oor die paradys dink. Sommige kulture het die paradys-verhaal as deel van hulle mondering en ander weer nie. Die paradys idee is 'n basies Bybelse begrip. Die Bybel gebruik 'n paar woorde om die paradys te verduidelik. In Afrikaans het ons die woord paradys gekry van die Griekse woord vir 'n tuinpark (paradeisos). Dis bekend by ons dat die paradys ook die naam dra van 'die tuin van Eden' (Gen. 2:8) of die 'tuin van die God'.

Eden - pragtige plesier

Wat beteken die Bybelse tuin van Eden vir ons wat in Orania bly en werk en leef. Die woord 'tuin' in Hebreeus dra die betekenis van 'n omheining. 'n Omheinde tuin, 'n park, wat beskerming en bedekking bied. Die begrip 'Eden' in die Bybel beteken vreugde, plesier, genot en vreugde. Die tuin van Eden beteken dus basies in beskermde omheinde aanplanting wat vreugde en genot verskaf. Die Here self het die eerste tuin geplant. In Gen 2:8 lees ons: "Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee."

Sielsgenot

Dit volg direk op die skepping van die mens waar daar staan dat God die asem van die lewe in die neus van die mens geblaas het en die mens 'n lewende siel geword het (Gen. 2:7). Die mens as lewende siel se eerste blyplek was 'n tuin van genot. Dit dui op die beskerming en voorsiening van die Here vir die mens. 'n Tuin as skepping van God gee aan die mens sielsgenot. Hier moet ons nou die fokus van die Bybel raaksien. Die vraag is: wie se vreugde is hier ter sprake? Baie duidelik wil die Here sien dat die mens as siel gelukkig en genotvol lewe. Maar die Bybel leer ook dat God sy vreugde en plesier wil deel en wil uitdeel. Die tuin van Eden beteken dus ten diepste die genot van God. Die Here leer in die Bybel dat die mens se skepping wesenlik deel uitmaak van God se vreugde wat Hy in Homself het en dat sy liefde vereis dat dié vreugde met die mens gedeel word (Eseg. 28:13, Spr. 8:27-31, Mat 25:23, Luk 23:43). Die tuin van God gee God Self vreugde en die tuin van God is om as mens in diè vreugde van God te deel.

Deel die geskenk

Dit beteken dat ons tuine op ons erf en huis, iets reflekteer van God se tuin. Wat is dit wat tot ons siel spreek as ons 'n mooi tuin sien? Die antwoord is dat iets van die prag van God ons aanspreek. Prag roep om 'n antwoord. Iets wat pragtig en mooi is, spreek ons siel aan oor hoe God se werk mooi is en dat sy Naam pragtig en heerlik is. Wanneer ons hierdie betekenis van Eden snap en beleef dan kom daar 'n blywende verbintenis na vore naamlik dat prag en skoonheid wesenlik deel van die lewe van die geredde kind van God is. Hierdie prag van God se werk en Naam word vir ons gegee as 'n geskenk. Ons kry deel aan hierdie geskenk deurdat Jesus Christus aan ons gegee is deurdat die Heilige Gees geloof in ons werk en Self in ons kom woon. Ons kan toegang kry tot die tuin van God, die vreugde van die Here, deur die persoon en werk van ons Here Jesus Christus (Joh. 14:6).


Godsgenieting in Orania

Wat beteken dit nou alles vir Orania? Die Bybel leer dat tuin en stad bymekaar hoort. Die tuin van God en die stad van God mag nie van mekaar af losgemaak word nie (Open. 22:2,14). Daarom behoort ons tuine mooi te wees op Orania, en ons stad wat ons in aanbou is, moet 'n pragtige stad wees. Dit moet ons siele vreugde gee as deelname aan die prag van God. Ons huise behoort mooi tuine te hê as lewende getuienis dat ons in genade deel in die vreugde van ons Here. Pragtige tuine in 'n mooi stad is nie 'n luukse nie – dis ons lewensasem omdat ons deel in die prag van God. Godsgenieting is ook om met 'n mooi tuin 'n mooi stad te bou.


# 'n Dorpstoer is 'n goeie begin vir inligting

Die Orania Beweging bied sedert 2014 gratis dorpstoere vir besoekers en inwoners aan. Die hoeveelheid persone wat die dorpstoer oor die algemeen onderneem is 'n bewys dat Orania baie nuuskieriges lok, 'n gesogte vakansiebestemming en beslis ook Afrikanertuiste word.

Aan die einde van 2023 het 3569 persone die dorpstoer saam met een van die toergidse meegemaak. Dit was tot dusver 'n rekordgetal. Hiermee die statistieke van die getal toere wat aangebied is:




Die hoeveelheid individue wat die toer onderneem het:




Besoekers, oningeligtes en voornemende inwoners word aangeraai om 'n dorpstoer te geniet sodat hul baie meer inligting oor die dorp en die infrastruktuur kan bekom.

Kontak die Orania Beweging se Inligtingskantoor by 053 207 0062 om jou plek te bespreek.



# Handpoppe verwissel hande



Foto: Verskaf
Hier is Jessica Black-Eloff saam met Somer en Sam in die Kieliepensiesklas terwyl sy hulle aan die kleuters voorstel.

Somer en Sam is twee handpoppe wat onlangs 'n nuwe tuiste by Kieliepensies gevind het. Die vorige eienaar, Dia van Staden, het dié twee "kinders" byna twintig jaar gelede deur kleremaakster, Kowie White, in Polokwane laat maak.

Dia vertel dat dié twee by haar heeltemal te min geleentheid kry om kinders oor die lewe te vermaak, op te voed en in te lig. Sy het hulle aangewend om die belangrikheid van emosies en respek vir elkeen se liggaam aan kinders oor te dra. "Hulle kan by 'n kleuterskool baie beter benut word," noem Dia.

Jessica Black-Eloff, die hoof van Kieliepensies, was baie bly om eienaarskap van dié twee karakters te neem. Sy sê: "Ons is bly dat hulle nou deel is van ons familie, en dat die 2 nuwe herinneringe gaan bou saam met al ons Kieliepensies!"

Jessica deel meer inligting oor die waarde van 'n poppekas:

- Poppekas leer kinders kommunikeer en is ñ baie belangrike deel van vroeë kinderontwikkeling. Dit help om vir die kinders baie belangrike lewenslesse te leer oor hulself, ander, die natuur en ander daaglikse situasies waarmee hulle gekonfronteer kan word.
- Opvoedkunde: Poppekas word gereeld in veral kleuter- en laerskole gebruik om opvoedkundige onderwerpe, byvoorbeeld om nie rommel te strooi en die aarde te besoedel nie, makliker oor te dra.
- Speelterapie: Sielkundiges en maatskaplike werkers gebruik soms handpoppe wanneer hulle met kinders werk vir wie dit moeilik is om oor sekere onderwerpe te gesels. Deur middel van die speel met handpoppe, help dit die kinders om makliker te praat oor hartseer sake of iets wat hulle ongelukkig maak.
- Poppekas word as ǹ kunsvorm beskou en dek ǹ wye veld van kreatiwiteit wat op verskeie wyses, formeel en informeel,



# Spreker-wees is 'n FEES!

## DIE KOMPETISIE VIR JONG REDENAARS WAT WIL UITBLINK

Die KANSVATTER 2025 redenaarskompetisie is terug en groter as ooit! Ná die sukses van verlede jaar se kompetisie, waar meer as 'n duisend sprekers hul redenaarsvernuf getoets het, bied KANSVATTER weer 'n platform vir jong sprekers om hul stemme te laat hoor en hul vaardighede te slyp.

**'n Kompetisie vir die Kansvatters van Vandag**

KANSVATTER is méér as net 'n redenaarskompetisie – dis 'n geleentheid om selfvertroue te bou, logiese denke te ontwikkel en 'n stem in die wêreld te kry. In 'n tyd waar kommunikasie en oortuiging noodsaaklik is, bied hierdie kompetisie 'n unieke kans vir jong redenaars om hul talent op die proef te stel en te slyp.



Foto: Dia van Staden

Petrus Jacobs is 'n besigheidskonsultant, EduTainer, emosionele intelligensie kenner, redenaarsafrigter en motiveringsspreker van formaat. Sy liefde vir kinders is duidelik wanneer hy as mentor vir elke kansvatter optree.

KANSVATTER bied 'n platform vir beide ervare en onervare sprekers – 'n kans om in Afrikaans of Engels, individueel of in spanne, deel te neem en selfvertroue in 'n ondersteunende omgewing te bou.

**Wie kan inskryf?**

Alle leerders van Graad 1 tot 12 is welkom. Deelnemers kan inskryf vir individuele of span-redenaars, voorbereid of onvoorbereid.

**Waarom KANSVATTER?**

KANSVATTER is die kompetisie met die deeglikste terugvoer – 'n unieke kans om as spreker te groei en jou talent na die volgende vlak te neem. Dit is nie net 'n geleentheid nie – dis 'n pad vorentoe vir die sprekers van die toekoms!

Sluit aan en vat 'n kans!

Kom staan op die verhoog, wees 'n stem wat saak maak – word 'n KANSVATTER!

Kontak Petrus Jacobs by https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter-2024/ of stuur 'n WhatsApp na 082 822 5233 vir besonderhede.

Jong sprekers kan hul stemme laat hoor en hul vaardighede slyp.




## ORANIA DAGBOEK

### Februarie

14 – CVO-Streeksatletiek
21 - CVO-Dassieprojek
21 - Huppelkind Manne-aand
27 – Slag van Majuba (vakansiedag in Orania)
27 - Volkslied se wenner word bekendgemaak

### Maart

11 - Oker bied aan: Eugene Marias
14 – Koerania uitgawe 16 verskyn

### April

3-5 - Bo-Karoo Vasbyt
6 - Stigtingsdag
11 - Jannie Moolman vir Karoosig Aftree-oord
11 – Koerania uitgawe 17 verskyn
15 - Oker bied aan: Man van Cirene
18 - Goeie Vrydag
21 - Paas Maandag



Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# KLEURE-ATLETIEK In volkleur

Die grootste atletiekbyeenkoms in Orania se geskiedenis is op Vrydag 24 en Saterdag 25 Januarie by die Orania Sportterrein aangebied. Orania CVO-skool se atletiekspanne het kleurvol opgedaag om aan die jaarlikse kleure-atletiekbyeenkoms deel te naam. Die leerlinge het met entoesiasme en kleurvol opgedaag, gesing, gespring en deelgeneem.
Leerlinge, ouers, familie, vriende en aanhangers van die sport het langs die sportveld gesit of gestaan en hul gunstelinge aangemoedig. Die heerlike eet- en drinkgoed het gehelp om die hitte van die twee dae teë te werk.
Dié naweek neem atlete in die Streekatletiekbyeenkoms in Bloemfontein deel en Koerania wens elke deelnemer sterkte toe. Mag die sport 'n genot bly en deelname nuwe vriendskappe bou!







# Jacobus leer hulle nael

Op Maandag 3 Februarie het Orania Atletiekklub 'n naellopewerkswinkel aangebied waar naellopers die vaardigheid van naellope kon verskerp. "Enige persoon kan vinniger hardloop wanneer jy die basiese beginsels onder die knie het, tesame met harde werk." sê Jacobus le Grange, die afrigter.

Tegnieke vir die verskillende stadia in wedlope, fynere fokuspunte en spesifieke oefeninge is gedeel, asook dissipline-spesifieke versterkingsoefeninge.
Maandag 10 Februarie was dit opgevolg met 'n blitsbyeenkoms. Hier kon die atlete en afrigter resies hardloop om die vaslegging van hul vernuf te toets. Komende Maandag om 18:00 doen hulle dit weer by die Orania Sportterrein. Wie is soos blits?!







Foto's: Verskaf
Deelnemers aan die werkwinkel kon hul naelloopt egniek verbeter. Fiksheid, spoed, tegniek, alles-in-een.






KOERANIA Sport

Februarie 2025

Volume 1 Uitgawe Nr 15

# Tweedeplek in driekamp vir Mauritz

Dia van Staden

Mauritz Meyer het op Saterdag 25 Januarie aan die vierde Stronger Together Pad/Veld 3-kampkampioenskappe in Smithfield, Vrystaat, deelgeneem.

Die driekampitems bestaan uit swem, fietsry en hardloop. Dit was Mauritz se eerste deelname, maar beslis nie sy laaste nie. Hy en sy vrou Aggie, wat hom deurentyd ondersteun, het Smithfield van Bloemfontein se kant af benader. Bo-oor die bult in Smithfield was die dam sigbaar en die wapperende baniere het duidelike gesê "dit is AAN!"

Deelnemers moes die Vrydagaand registreer, hul fiets inboek, sodat dit logistieke reëlings vergemaklik en die oorskakeling na die volgende item makliker maak.

Swem eerste – Met sy driekamppak, waarin hy al die items kan doen, het hy vroegoggend vir die 2000m swem ingespring. "Ek het gedink dit gaan maklik wees, omdat ek gereeld oefen, maar met die adrenalien en die opwinding het ek heeltemal te vinnig begin swem. Na 500m toe het ek nie meer asem nie. By die boeie het ek maar gestop om asem te haal . Ek en Christo Muller en 'n man van Jacobsdal was die laaste 3 uit die water van 6 deelnemers in ons afdeling." Hy verduidelik dat 'n swemkeps en bril toelaatbaar is tydens die swemafdeling

Die 90 km fietsry was vir hom baie lekker en dit het vir hom gevoel of die bekende fietsrydae half ingeskop het. "Ek kon gelukkig 'n paar plekke opmaak met dié been." Die roete was uitdagend met 'n rollende landskap. Iets wat nie maklik is nie, want Orania se landskap is nogal plat." Sy valhelm, fietsryskoene en 'n watersak was noodsaaklike bybehore. Hy het geweet dat die 21km se hardloop nog wag, maar kon redelik hard ry in die been sonder om homself uit te put.

Mauritz vertel dat hy vir die eerste 15km nog saam met die 3 manne wat laaste uit die water was gery het. Vir die laaste byna 70km het hy alleen gery. "Jy probeer op jou pas fokus sodat jy jou uithouvermoë kan reguleer. Die roete is so gestel dat jy die heeltyd by alle deelnemers verby ry. Jy begin naderhand jou ritme uitwerk om te dink of jy enigsins 'n kans staan om dalk 'n plek te behaal, of nie. Dit kan nogal verwarrend raak, maar moet nie jou fokus wees nie." Fietse moet eers op die rakke teruggehang word voordat individue kan aantrek vir die hardloopbeen.

Volgens die aankondiger was hy in die tweedeplek na die fietsry. Net daar begin die somme toe in sy kop spin, want hy beskou homself nie as 'n vinnige hardloper nie. Minute het nou begin getel.

Deelnemers moes op die warmste tyd van die dag die hardloopbeen aanpak. Met sy sonbril, 'n keps en tekkies gewapen het hy die 21km aangepak. "Van die begin af het ek 'n redelike stadige pas gehandhaaf. Soos ek geoefen het, het ek agtergekom dat my tempo te hoog is. Ek het op 'n laer hartklop my tempo bepaal. Ek het geen idee gehad waar ek geplaas was nie. Ek wou net hardloop om klaar te hardloop," beklemtoon hy.

Daar was elke 2.5km 'n welkome waterpunt. Die hardlooproete was 'n herhaling van die fietsryroete. "By die 7.5km waterpunt het ek gedink ek is vierde. Op 10.5km het ek gedink ek sal die voorstes kry, maar daar was 3km tussen ons. Ek was op gewees!"

Hy verduidelik die verskil tussen 'n driekamp en 'n halfmarathon: "Vir 'n halfmarathon begin jy vars en voltooi slegs jou kilometers. Met driekamp handel jy twee strawwe items af voordat jy om ongeveer 10:30 begin hardloop. Mauritz het sy tweedeplek om 12:50 voltooi, toe die temperature op 34 grade gestaan het. Hy wou binne 'n sekere tyd klaarmaak en ten minste onder 7 ure die uitdaging voltooi. Hy het die driekamp binne 6.50.32sek voltooi. Tiaan, verdedigende kampioen en 'n geharde sportman, het gewen.

Mauritz skram nie weg van die opofferings wat hy moet maak om te oefen nie. "Ek moes gemiddeld 10 ure per week oefen, en dan is daar werk, huis en familie wat ook aandag moet kry. My ooreenkoms met my vrou is dat ek nou bietjie gaan fokus op die huis en familie vir 'n rukkie, voor ek die volgende een aanpak. Dit is beslis 'n volgende vlak waarheen iemand beweeg indien hul deelneem aan 'n rits hiervan gedurende die jaar."

Helè Niehaus is die direkteur van Stronger Together Driekamp en het vir Koerania vertel hoe die resies sedert 2021 gegroei het. Hul het toe met 130 deelnemers begin en vanjaar het meer as 300 dapper deelnemers. Sy voeg by: "Die Triathlon gaan vir my oor die respek en die passie wat ek vir Driekamp het. Ek is 'n internasionale driekampatleet en ek deel my liefde daarvoor, vir mense en vir my gemeenskap met die wêreld. Ek wil mense sien glimlag en ek wil mense sien presteer."

Die hele naweek was volgens Mauritz skitterend georganiseer en hy sien reeds uit om sy tyd in 2026 te verbeter.



Mauritz het sy tweedeplek verdien en moedig ander aan wat daarvan hou om hulself uit te daag, om so iets te doen.



# Die rolbalbaan se planne rol voort

Francois van Schalkwyk, Voorsitter van die Orania Rolbalklub, kon namens die bestuur bevestig dat die langverwagte ooreenkoms tussen die Orania Aandeleblok (OAB) en die rolbalklub nou onderteken is.

Dit na maandelange onderhandelinge, voorskrifte, wysigings en die uiteindelike afronding van die bewoording in die ooreenkoms vir die beoogde rolbalterrein by die Orania Sportterrein.

Daar heers tans wye belangstelling vir `n rolbalbaan in Orania wat deur Oraniërs, besoekers, skoliere en studente gebruik kan word.


Die klub is daarvoor verantwoordelik om die jaarlikse huur van die terrein vooruit te betaal. Die bestuur en lede het 18 maande grasie om `n rolbalbaan op eie koste te vestig.

Die eerste grondwerke het op 21 Januarie reeds begin om die eerste rolbalbaan se uitleg voor te berei. Die klub se bestuur sal voordurend vergaderings hou om die proses te bespreek en te bespoedig. Die klub beoog teen die einde van Februarie `n ledevergadering vir promosie, fondsinsameling en ledewerwing.

Omdat die lede van die klub die baan op eie koste moet vestig, is die klub baie afhanklik van elke lid se hulp en geldelike bydrae. Party instansies het ook reeds fondse geskenk waarvoor die klub baie dankbaar is.

Indien enige lid van die gemeenskap by die klub wil aansluit kan Francois by francoisvs57@outlook.com gekontak word. Lidmaatskap beloop ф100 per maand.

Indien enige persoon, instansie of besigheid `n donasie wil maak, materiaal wil skenk of enige ander bydrae wil lewer kan hul met die klub se projekbestuurder en tesourier, Hans Richardt, per WhatsApp by 060 304 3460 of epos by richardt55.hr83@gmail.com skakel.



Christo Muller, 'n Oraniër het die derdeplek behaal.
Karin het aan die tweekamp deelgeneem deur 50km fiets te ry en 10km te hardloop. Dié twee vorm altyd 'n gedugte span.

